Oordenking
4 Februarie 2009.

By die Tafel van die Here sê ons: Wees my, sondaar, genadig!

Sondag, as die Here wil, vier ons die heilige Nagmaal. Ons moet ons altyd voorberei voordat ons by die Tafel aansit. Voor Sondag moet ons by ‘n plek kom waar ons sê: "**O God, wees my, sondaar, genadig**”.

In Lukas 18, terwyl Christus na sommige aanbidders in die tempel staan en kyk het, het Hy gesien dat party vir verlossing op hulle eie geregtigheid vertrou – op hulle goeie werke en morele suiwerheid, en nie op die genade van God nie. *(Lukas 18:9) “Met die oog op mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel.”*

Om hulle bose selfvertroue tot ‘n val te bring, vertel Jesus die storie van die fariseër en die tollenaar. (Lukas 18: 10 – 13): "*Twee mense het na die tempel toe gegaan om te bid. Die een was 'n fariseër en die ander een 'n tollenaar. Die fariseër het gaan staan en by homself so gebid: 'O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste.' "Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: 'O God, wees my, sondaar, genadig'.”*

Dié twee vorm deel van ‘n skare aanbidders. Voordat hulle sou bid, is ‘n lam eers op die altaar as soenoffer vir hulle sondes geslag, en wierook is gebrand.

Jesus vra ons aandag vir die fariseër. Hy sê vir God, en almal wat sy gebed hoor, hy is beter as die ander mense. Hier is ‘n man wat trots is op sy goeie lewe. Hy wens homself geluk – en oordeel die tollenaar wat daar eenkant staan. Hy is oortuig dat hy ‘n beter mens is as die ander aanbidders. Hy glo sy lewenswyse maak hom aanvaarbaar in God se oë. Die fariseër het geen kennis van eie sonde nie, hy sien geen rede vir berou nie en dink nie dat hy genade nodig het nie. *Hy sê dit net nadat ‘n lam geslag is, in stukke gekap is en op die altaar geoffer is om versoening vir sonde te vra.* **Met sy gebed sê hy eintlik dat die soenoffer nie vir hom bedoel is nie, omdat hy dit nie nodig het nie.**

In Jesus se gelykenis kom ‘n tollenaar ook bid. Die Bybel sê hy het eenkant gaan staan, want hy dink nie hy is waardig om voor God of by God se mense te wees nie.
Hy bid met hartseer woorde. Hy huil terwyl hy op sy bors slaan. "O God, wees my, sondaar, genadig”. *Hy sê dit net nadat ‘n lam geslag is, in stukke gekap is en op die altaar geoffer is om versoening vir sonde te vra. "Ek is ‘n sondaar”, sê die tollenaar, en “ek het die soenoffer deur hierdie lam, nodig!"*
Hy bid nie omdat hy ‘n wetsgehoorsame man is nie, maar omdat ‘n lam geoffer is vir sy sonde, pleit hy om vergifnis.

Jesus se gevolgtrekking slaan mens tussen die oë. "*Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is.”* Die fariseër het sy tyd en asem in die tempel gemors. Die goeie man met niks om te bely nie, is huis toe sonder dat sy saak met God reggemaak is. Dis ironies dat sy besoek aan die tempel en sy gebed veroorsaak dat hy die soenoffer selfs nou meer nodig het, as voordat hy gaan bid het.
Die tollenaar gaan huis toe, sy saak met God, uitgemaak. Hy het God met ‘n gebroke hart genader. Hy het nie na God toe gekom terwyl hy op homself vertrou het nie, maar vertrouend op Gods genade. Hy kom na God toe as ‘n onwaardige sondaar. Hy kom in gebed na God toe, omdat hy gesien het dat daar ‘n soenoffer op die altaar is. En hy gaan geregverdig, vergewe, huis toe.

Sondag ontvang ons brood en wyn by die Nagmaal van die Here. In die kerk sal die brood en wyn ons herinner aan die soenoffer van die Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem.
Gaan ons uitgevat in ons selfverdiende geregtigheid kom, of geklee in die geregtigheid van Jesus Christus? Wil ons kom omdat ons dink ons is goed genoeg, *of wegbly omdat ons dink ons is goed genoeg*, of sal ons na die Tafel toe kom omdat ons weet dat ons vergifnis nodig het?

As jy na die Tafel van die Here toe kom met selfs net ’n gedagte van selfverdiende goedheid, soos die fariseër, sal jy leeg en sonder vrede van die Tafel af weggaan.
Nee, kom na God toe as iemand wat weet hy/sy is ’n sondaar, met berou en belydenis. Kom na God toe met erkenning dat jy ’n Verlosser nodig het. Kom met die wete dat jy die soenoffer van Jesus nodig het. Dat jy die genade van God deur die werk van die Heilige Gees nodig het.
Dan sal jy huis toe gaan en weet dat die Here jou liefhet, dat jy vergewe en skoon gewas is – ja, dat jy nou selfs voor God, regverdig, onskuldig, is!